- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek


# Hoofstuk van die dag: Eksodus 27

> *Beveel die Israeliete om vir jou besonder suiwer olyfolie vir die lampe te bring sodat die lig voortdurend kan brand. (vers 20)*

Partykeer hoor ’n mens iemand sê: “God het my nou eenmaal so

gemaak en so gelaat staan." Daarmee verontskuldig die persoon hom- of haarself vir swak gedrag, laksheid, onbedagsaamheid, noem maar op. Asof dit God se skuld is!

As 'n mens vers 20 lees, sien jy dat God nie sommer met enige olyfolie tevrede is nie. Net die beste is goed genoeg. Net óns beste is goed genoeg. Die Gees is immers besig om ons te verander om soos die Here Jesus te word (2 Kor 3:18). Dís wat God vir ons beoog. Om die heel beste te wees wat ons kan. Soos Jesus! Geen verontskuldiging sal werk nie; nie as ons God wil eer nie.

Wat die opdrag verder betekenisvol maak, is dat die Israeliete die olie moet bring. God, wat water uit 'n rots kan laat vloei, wat manna en kwartels kan stuur, kon mos maklik die olie voorsien het. Maar dis nie hoe dit werk nie. Ek en jy moet self die bydraes lewer. Dít is vir die Here aangenaam.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026